

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
25 Desember 1978

Onderwerp: Kersfees

Lees: Lukas 2 verse 8 tot 20
Jesaja 9 verse 1 tot 6

Teks: Lukas 2 verse 10 en 11

Sing: Gesang 103 verse 1, 2 en 3
Gesang 106 verse 1 en 2
Gesang 96 verse 1, 2 en 3

“Dit is Kersfees. Kan daar ooit beter nuus en tyding van groter blydschap aan die verlore gaande wêreld verkondig word? Nee, en daarom bly Kersfees steeds vir ons ’n tyd van vreugde en van die grootste blydschap.

“Daar is baie dinge wat Kersfees vir mense ’n besondere betekenis gee. Dinge soos die deftige maaltyd, die vakansie by die see, die partytjie by die kantoor, uitstappies en groot danspartye. Maar bowenal is Kersfees eintlik iemand se verjaarsdag, ’n Man se geboortedag. Selfs die ongelowige wêreld moet erken dat Kersfees juis hiervandaan sy besondere en onmisbare karakter kry.

“Kersfees straal ’n glans van liefde, vrede en welbehae uit, omdat dit gaan oor die Groot Leermeester van liefde, Jesus Christus. Ten spyte van die miskenning en misbruike van hierdie Christenfees, lê dit op alles en almal die onweerstaanbare gesindheid van die Man van Smarte. Te midde van ’n Godverloënde wêreld, is Kersfees soos ’n tere band wat die mens voortdurend bind aan sy God en sy beter self.

“Kersfees skep by ons in hierdie tyd ’n verwagting na dinge wat nie net stoflik is nie. Daar is die onuitgesproke sug na geestelike opheffing en veredeling. Kersfees maak vir ons ’n venster oop in die rigting van die Ewige, die bo-aardse en die Beloofde land, al is ons ook hóé verbitterd, verhard, wêreldwys en ontnugter. Dit is ’n skakel tussen ons en ’n wêreld wat ons nooit heeltemal kan ontvlug nie. Dit is die wêreld van die gees, die wêreld van God, die wêreld van vrede op aarde, in die mense ’n welbehae.

“Kersfees lê aan die wortel van die groot filantropiese daade deur die eeue. Kersfees het aanleiding gegee tot die skepping van inrigtings wat

mense se nood verlig het. Kersfees maak ons hand oop met gawes van brood, kleding en herberg vir die geringstes onder ons. Vir twee duisend jaar reeds probeer die Kersgesindheid om vyande in vriende te verander; om pikke van swaarde te smee, snoeimesse van spiese en om oorlog met vrede te vervang.

“Maar dit is oor ’n moeë en bekommerde wêreld dat die Kersliedere in hierdie dae weerklink. Dit is ’n verdeelde wêreld, waarin die vrede en welbehag van Kersfees so jammerlik gemis word. ’n Wêreld waar terrorisme aan die orde van die dag is. Hoeveel mense regoor die wêreld het nie reeds die prooi van die vyand, die mag van die duisternis, geword nie? Kommunisme is besig om oor die wêreld te spoel. En nog steeds word die hoop op die swaard gevestig, op die besit van waterstof-, neutronbomme en interkontinentale missiele.

“Intussen speel, dans en drink die Westerse beskawing voort op bouvalle van sedelike opvattinge, morele tradisies en Goddelike instellings wat in die verlede ’n bolwerk gevorm het teen die dreigende gety van onheil en aftakeling.

“En só staan die wêreld teen homself verdeel. ’n Gedeelte leef in die mag van bygeloof en afgodediens. Ander het geen erg aan Jesus Christus en sy boodskap nie. Meeste verloën Jesus Christus en maak van sy boodskap ’n fabel en ’n klug. Vele dink dat Jesus Christus se boodskap nie meer relevant is in die hedendaagse lewe nie.

“Maar dan is daar diegene vir wie Jesus die groot werklikheid is. Diegene wat weet wat Simon Petrus eenmaal gesê het: ‘U is die Christus, die Seun van die lewende God.’ (Matt 16:16) Dit is hulle wat die goeie tyding ken wat in hierdie dae oor hierdie sonde-wêreld weerklink: ‘dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is.’ (Luk 2:11)

“Jesus is die Saligmaker. Dit is wat die engel aan Josef gesê het: ‘en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.’ (Matt 1:21) Hy is die Redder en die Verlosser. Hy is die Timmerman wat heelmaak.

“Broers en Susters, die wêreld het behoefte aan hierdie Verlosser. Het u Hom gevind? As u vanaand voor Hom kniel, is u bereid om die inhoud van die Kersboodskap uit te dra na ’n wêreld wat wag? ‘Want kyk, ek bring julle ’n goeie tyding van groot blydschap’. (Luk 2:10)

“Hy is Christus die Here. Hy moet u en my Here wees, anders kan ons nie deel in die volle vreugde van die engele boodskap nie. Is Hy dit in u lewe?

“Die herders het aan mekaar gesê: ‘Laat ons dan na Betlehem gaan en hierdie ding sien wat gebeur het, wat die Here aan ons bekend gemaak het.’ (Luk 2:15) Ook hierdie wêreld van die atoom het nodig om terug te gaan langs die gange van die geskiedenis na Betlehem. Dáár is gebore Een wat uit hierdie aarde ’n nuwe aarde en hemel sal skep. Een wat in die mens se lewe alles nuut sal maak.

“As die olie in ons lamp uitgebrand het, moet ons by Betlehem gaan lig haal vir die pad wat voorlê. Dan sal ons ons redding vind, nie in wapens, of wêreldorganisasies nie, maar by Hom wat beplan het dat elke dag vir ons Kersfees sal wees. By Hom wat ook vandag sê: ‘glo in God, glo ook in My.’ (Joh 14:1)

“Amen.”